Verwysing 20170116-7290
12/2/11/P
Navrae: G van Wyk

Kurrikulum AOO-minuut: DCG 0002/2017

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Kurrikulumkoördinering en -advies, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Vakadviseurs vir Grondslagfase, Prinsipale van openbare skole en Departementshoofde vir Grondslagfase by openbare skole

Onderwerp: Inkrementele bekendstelling van Afrikatale (IIAL) in 2017

1. Die Departement van Basiese Onderwys het in 2013 planne aangekondig om die onderrig van voorheen gemarginaliseerde amptelike Afrikatale te versterk deur die konsepbeleid rakende Inkrementele Bekendstelling van die Afrikatale (IIAL).

2. Die IIAL is 'n prioriteitsprogram wat daarop gemik is om sosiale samehorigheid in ons samelewing te bevorder. Dit is ook daarop gemik om voorheen gemarginaliseerde amptelike Afrikatale te bevorder en te ontwikkel, soos onderskryf deur die bepalings van die Grondwet en Nasionale Ontwikkelingsplan.

3. Die doel van die IIAL-beleid is dus om 'n voorheen gemarginaliseerde amptelike Afrikataal in alle skole bekend te stel wat nie op die oomblik enige voorheen gemarginaliseerde amptelike Afrikatale aanbied nie. Dit is die verwagting dat alle provinsiale onderwysdepartemente teen 2020 hierdie universele implementering sal behaal.

4. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) het in 2014 tot 2016 die IIAL-beleid (Xhosa as 'n derde taal) met betreklike sukses in 10 skole, wat nie 'n voorheen gemarginaliseerde amptelike taal aangebied het nie, geïmplementeer. Daar word egter steeds van die WKOD vereis om teen 2020 die IIAL-beleid by ongeveer 900 skole te implementeer.

5. Weens die begrotingsbeperkinge wat tans ervaar word, beoog die WKOD om op innoverende maniere die implementering van die IIAL-beleid te implementeer en teen 2020 aan die implementeringsdoelwitte te voldoen.

6. Hierdie kennisgewing dien dus om alle skole (wat tans nie Xhosa TAT vanaf graad 1 aanbied nie, en skole wat op die oomblik Xhosa as 'n buitemuurse vak aanbied) wat bereid is om hierdie beleid te implementeer, uit te nooi om die aangehegte vorm te voltooi en dit teen Maandag, 20 Februarie 2017 terug te stuur aan nontsikelelo.nyamza@westerncape.gov.za. Verdere korrespondensie ten opsigte van die pad vorentoe, sal hierdie skole voor die einde van die eerste kwartaal bereik.

7. Daar sal van skole, wat bereid is om die IIAL op hul eie onkoste te implementeer, verwag word om:
   - 'n onderwyser te voorsien wat Xhosa kan praat en onderrig; en
   - voort te gaan om ná 2017 Xhosa TAT in graad 1 aan te bied en die vak elke jaar inkrementeel aan die volgende graad bekend te stel en bereid te wees om die graad 1-rooster met 30 minute per dag te verleng.

8. Die WKOD sal die volgende aan skole verskaf:
   - lesplanne vir graad 1 asook leerderboeke;
   - opleiding en beplanning vir onderwysers in Februarie; en
   - deurlopende ondersteuning vir die IIAL-onderwyser.

9. Let asseblief daarop dat die IIAL slegs vanaf die tweede kwartaal formeel geïmplementeer sal word en dat geen bykomende befondsing of hulpbronne deur die WKOD voorsien sal word nie.

10. Rig asseblief alle navrae aan me Ntsiki Nyamza by tel. no. 021 467 2727 of e-pos nontsikelelo.nyamza@westerncape.gov.za.

11. U ondersteuning vir hierdie belangrike en transformasionele beleid sal opreg waardeer word.

12. Prinsipale word versoek om hierdie minuut met die betrokke personeel te bespreek.

GETEKEN: PAD BEETS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2017-01-20